4 September 2017

Geagte graad 8-ouer 2018

GRAAD 8-KAMP

Hoërskool Oosterlig se graad 8's gaan vanaf Vrydag 19 Januarie 2018 tot Sondag 21 Januarie 2018 'n kamp te YFC-kampterrein naby Hekpoort bywoon. Ons vertrek DV Vrydag om 06:00 en sal Sondag om 12:00 terug wees by die skool.

Die doel van die kamp is om die graad 8's aan hulle klasvoogde voor te stel en om hulle bekend te stel aan dit wat Oosterlig bied. Tydens die kamp gaan leerders onder andere deelneem aan groepsaktiwiteite, oefen vir die komende groentjiekonsert en bekendgestel word aan Oosterlig se unieke tradisies.

Die koste verbonde aan die kamp is R880,00. Die kostes word eenmalig gehef en kan maandeliks afbetaal word.

Ons wil u versoek om u kind aan te moedig om die kamp by te woon. Hoe gouer u kind deel is van die Oosterligfamilie, hoe gelukkiger gaan hy/sy wees.

'n Vrywaringsvorm word op die eerste dag van die nuwe jaar aan leerders oorhandig. Dié vorm moet die volgende dag volledig voltooid teruggestuur word. 'n Leerling wat nie die vrywaringsvorm voltooi het nie, kan ongelukkig nie die kamp meemaak nie.

Die lys van benodigdhede is hierby aangeheg.

Oosterliggroete

LYS VAN BENODIGDHEDE:

* Vrywaring vanaf ouer (vorm aangeheg)

* Mediesefonds-inligting (vorm aangeheg)
  Mediese probleme op skrif en eie medikasie vir chroniese gebruik.

* Kussing en slaapsak

* Eetgerei

* Gemaklike **ou** klere

* **Toe** skoene

* Swemklere en handdoek

* **Warm klere**

* Flits

* Bybel, notaboek en pen

* Waterbottel (enige bottel waarin water saamgedra kan word deur die dag)

* Toiletware en handdoek

* Sonbrandmiddel

* Hoed

* Muskietweerder

* Geld vir snoepie

* Sweetpak of baadjie

* Reënjas

* Geen radio's